



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2933 PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB REGULASIEKOERANT No. 2933
Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer
POST FREE • POSVRY

Vol. 174]

PRETORIA, 28 DECEMBER 1979
DESEMBER

[No. 6798

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS

No. R. 2886

28 December 1979

PRICE CONTROL

MAXIMUM PRICES OF FERTILIZER

I, Elias George de Beer, Price Controller, do hereby prescribe in terms of section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), with effect from 1 January 1980 as follows:

1. In respect of fertilizers and fertilizer mixtures—

(1) where the total quantity sold is 500 kg or more the maximum prices are the prices per 1 000 kg specified in the Schedules hereto;

(2) where the quantity sold is less than 500 kg but not less than 50 kg the maximum prices are proportionate to the prices per 1 000 kg specified in the Schedules hereto plus an amount calculated at a rate not exceeding R1,10 per 1 000 kg;

(3) (a) where purchases on cash terms are made direct from fertilizer manufacturers for dispatch ex factory during the undermentioned months, the maximum prices are those specified in subregulation (1) or subregulation (2) (whichever may be applicable) less the following rebates, provided that orders for such deliveries are placed not later than the first day of the month concerned and are accepted by the fertilizer manufacturers for dispatch before the end of that month:

Month in which dispatched	Rebate of maximum prices		
	Central area	Southern area	Eastern area
January.....	8,50	4,50	—
February.....	7,50	3,50	—
March.....	7,00	—	—
April.....	6,50	—	6,50
May.....	5,50	—	5,50
June.....	3,50	—	3,50
July.....	2,50	—	2,50

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

No. R. 2886

28 Desember 1979

PRYSBEHEER

MAKSIMUM PRYSE VAN KUNSMIS

Ek, Elias George de Beer, Pryscontroleur, bepaal hierby, ingevolge artikel 4 van die Wet op Prysbeheer 1964 (Wet 25 van 1964), met ingang van 1 Januarie 1980 soos volg:

1. Ten opsigte van kunsmis en kunsmismengsels—

(1) waar die totale hoeveelheid wat verkoop word, 500 kg of meer is, is die maksimum pryse die prys per 1 000 kg wat in die Bylaes hiervan aangegee word;

(2) waar die hoeveelheid wat verkoop word, minder as 500 kg maar nie minder as 50 kg is nie, staan die maksimum pryse in verhouding tot die pryse per 1 000 kg wat in die Bylaes hiervan aangegee word, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van hoogstens R1,10 per 1 000 kg;

(3) (a) waar aankope op kontantvoorwaardes regstreeks van kunsmisvervaardigers gemaak word vir versending vanuit die kunsmisfabrieke gedurende die ondergenoemde maande, is die maksimum pryse dié in subregulasie (1) of subregulasie (2) (nl. dié wat van toepassing is) min die volgende korting, mits bestellings vir sodanige aflewering nie later nie as die eerste dag van die betrokke maand geplaas en deur die kunsmisvervaardigers vir versending voor die einde van daardie maand aanvaar is:

Maand waarin versend	Korting op maksimum pryse		
	Sentrale gebied	Suidelike gebied	Oostelike gebied
	%	%	%
Januarie.....	8,50	4,50	—
Februarie.....	7,50	3,50	—
Maart.....	7,00	—	—
April.....	6,50	—	6,50
Mei.....	5,50	—	5,50
Junie.....	3,50	—	3,50
Julie.....	2,50	—	2,50

(b) where purchases on credit terms are made by co-operative societies for dispatch to the Central Area from fertilizer factories during the under-mentioned months, the maximum prices are those specified in subregulation (1) or subregulation (2) (whichever may be applicable) less the following rebates, provided that payments for such sales are made not later than 25 July 1980:

<i>Month in which dispatched</i>	<i>Rebate on maximum prices</i>
	<i>%</i>
January.....	3,50
February.....	3,00
March.....	2,50
April.....	2,00

(c) Central Area is the whole of the Republic excluding the Southern and Eastern Areas;

Southern Area is the area south of and including the Magisterial Districts of Namaqualand (Springbok), Calvinia, Williston, Carnarvon, Victoria West, Richmond, De Aar, Philipstown, Hanover, Noupoot, Middelburg, Maraisburg (Hofmeyr), Cradock, Bedford, Adelaide, Fort Beaufort, Stockenström (Seymour), Victoria East, Albany, Bathurst, Keiskammahoek and Middeldrift;

Eastern Area is the Province of Natal as well as that portion of the Piet Retief Magisterial District known as the Pongola Irrigation scheme but excluding the Magisterial Districts of Paulpietersburg, Vryheid, Utrecht, Newcastle, Dannhauser, Glencoe, Dundee, Klip River, Bergville, Estcourt, Weenen, Umvoti and Kranskop;

(4) notwithstanding any provision to the contrary in subregulations (1), (2) and (3) but subject to the rebates prescribed by subregulation (3), the seller may charge interest on the unpaid balance on any account relating to sales of fertilizers and fertilizer mixtures, provided that no such interest shall be calculated from a date earlier than 30 days after the end of the month during which dispatch was effected;

(5) where fertilizer or fertilizer mixtures are purchased for resale and are resold from the reseller's stock the maximum prices are those specified in subregulation (1), subregulation (2) or subregulation (3) (whichever may be applicable)—

(i) plus an amount calculated at the rate of R1,65 per 1 000 kg;

(ii) plus a further amount of R1 in the case of a sale of fertilizer or fertilizer mixtures in scheduled or released Bantu areas as described in the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936);

(iii) plus the railage and/or road transport cost actually paid on fertilizer or fertilizer mixtures from Bellville, Durban or Vereeniging, whichever station is the nearest to the store of the reseller; or plus road transport cost actually paid or incurred on fertilizer or fertilizer mixtures ex the fertilizer factory to the store of the reseller; and the maximum prices so determined shall be free on rail reseller's station or free on vehicle reseller's store;

Provided that, where any such fertilizer or fertilizer mixture is sold, otherwise than for cash with order, the maximum price of such fertilizer or fertilizer mixture as prescribed in the relevant Schedule hereto, may subject to the provisions of regulation 2,

(b) waar aankope op kredietvoorwaardes deur koöperatiewe verenigings gemaak word vir versending na die Sentrale Gebied vanuit die kunsmisfabrieke gedurende die ondergenoemde maande is die maksimum pryse dié in subregulasie (1) of subregulasie (2) (nl. dié wat van toepassing is) min die volgende korting, mits betaling vir sodanige aankope nie later as 25 Julie 1980 geskied nie:

<i>Maand waarin versend</i>	<i>Korting op maksimum pryse</i>
	<i>%</i>
Januarie.....	3,50
Februarie.....	3,00
Maart.....	2,50
April.....	2,00

(c) Sentrale Gebied is die hele Republiek uitgesonderd die Suidelike en Oostelike Gebiede;

Suidelike Gebied is die gebied suid van en insluitend die landdrosdistrikte Namakwaland (Springbok), Calvinia, Williston, Carnarvon, Victoria-Wes, Richmond, De Aar, Philipstown, Hanover, Noupoot, Middelburg, Maraisburg (Hofmeyr), Cradock, Bedford, Adelaide, Fort Beaufort, Stockenström (Seymour), Victoria-Oos, Albany, Bathurst, Keiskammahoek en Middeldrift;

Oostelike Gebied is die provinsie Natal asook daar die gedeelte van die landdrosdistrik Piet Retief wat as die Pongolabesproeiingskema bekend staan maar uitgesonderd die landdrosdistrikte Paulpietersburg, Vryheid, Utrecht, Newcastle, Dannhauser, Glencoe, Dundee, Kliprivier, Bergville, Estcourt, Weenen, Umvoti en Kranskop;

(4) ondanks andersluidende bepalings in subregulasies (1), (2) en (3) maar behoudens die kortings kragtens subregulasie (3) voorgeskryf, kan die verkoper rente op die onbetaalde saldo op 'n rekening met betrekking tot verkope van kunsmis of kunsmismengsels hef, met dien verstande egter dat geen sodanige rente vanaf 'n datum vroeër as 30 dae na die einde van die maand waartydens versending geskied het, bereken mag word nie;

(5) waar kunsmis of kunsmismengsels vir herverkoop aangekoop word en vanuit die herverkoper se voorraad verkoop word, is die maksimum pryse dié wat in subregulasie (1), subregulasie (2) of subregulasie (3), (nl. dié wat van toepassing is), aangegee is—

(i) plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van R1,65 per 1 000 kg;

(ii) plus 'n verdere bedrag van R1 in die geval van 'n verkoop van kunsmis of kunsmismengsels in afgesonderde of oopgestelde Bantoegebiede soos beskryf in die BantoeTrust en -Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936);

(iii) plus die spoorvrag en/of padvervoerkoste wat werklik betaal is op die kunsmis of kunsmismengsels vanaf Bellville, Durban of Vereeniging, na gelang van die stasie wat die naaste aan die herverkoper se pakhuis is; of plus die padvervoerkoste wat werklik betaal of aangegaan is op die kunsmis of kunsmismengsels vanuit die kunsmisfabriek na die herverkoper se pakhuis; en die maksimum pryse aldus bereken, is vry op spoor herverkoper se stasie of vry op voertuig by herverkoper se pakhuis;

Met dien verstande dat wanneer genoemde kunsmis of kunsmismengsels op 'n ander wyse as vir kontant met bestelling verkoop word, die maksimum pryse van die kunsmis of kunsmismengsel in die betrokke Bylae hiervan voorgeskryf, behoudens die bepalings

be increased by not more than 12,50 per cent on condition that the seller shall allow the purchaser a minimum discount in accordance with the following scale upon payment being made or tendered within the period specified.

If payment is made within the following periods calculated from the last day of the month within which dispatch is effected:

	<i>Minimum discount</i>
	<i>%</i>
One month.....	9
Two months.....	8
Three months.....	7
Four months.....	6
Five months.....	5
Six months.....	4
Seven months.....	3
Eight months.....	2
Nine months.....	1

(6) where any fertilizer or fertilizer mixtures containing zinc, are sold, the maximum prices are those specified in subregulation (1) or subregulation (2) (whichever may be applicable) plus an amount of R5,80 per unit of zinc per 1 000 kg.

2. The increase for which provision is made in the proviso to subregulation (5) of regulation 1 may not be added unless the seller complies with the following conditions:

(i) "Cash with order" sales shall not be refused in favour of credit sales; and

(ii) where the purchaser seeks credit and this is granted to him, the seller shall make no stipulation that payment shall be deferred for any minimum period or any stipulation limiting the purchaser's right to make payment at any time prior to the expiration of the agreed period of credit and to obtain the benefit of the appropriate discount.

3. For the purpose of this notice "cash with order" includes cash paid or tendered before dispatch.

4. Any fraction of 1c in a maximum price determined in accordance with this notice for a sale at any one time of any fertilizer or fertilizer mixtures, whether it be the price of a single unit or the total price of more than one unit resulting from the computation of the price applicable to any number of such units, may be regarded as 1c.

5. Where any fertilizer or fertilizer mixtures are railed to or to the order of the purchaser, the maximum prices determined in accordance with this notice shall be free on rail Bellville, Durban or Vereeniging, whichever station is the nearest to the buyer.

6. Where fertilizer or fertilizer mixtures are delivered by road or collected from a fertilizer factory, the maximum prices determined in accordance with this notice shall be free on vehicle at the loading facility for road transportation at the fertilizer factory.

7. These regulations apply in the Republic.

8. The following Government Notice relating to the maximum prices of fertilizers is hereby withdrawn:

No. R. 2605 of 29 December 1978.

E. G. DE BEER, Price Controller.

van regulasie 2, verhoog mag word met hoogstens 12,50 persent op voorwaarde dat die verkoper aan die koper 'n minimum korting ooreenkomstig onderstaande skaal moet toestaan wanneer betaling binne die aangewese tydperk geskied of aangebied word.

As betaling geskied binne die volgende tydperke bereken vanaf die laaste dag van die maand waarin afsending plaasvind:

	<i>Minimum korting</i>
	<i>%</i>
Een maand.....	9
Twee maande.....	8
Drie maande.....	7
Vier maande.....	6
Vyf maande.....	5
Ses maande.....	4
Sewe maande.....	3
Agt maande.....	2
Nege maande.....	1

(6) waar kunsmis of kunsmismengsels wat sink bevat, verkoop word, is die maksimum pryse dié in subregulasie (1) of subregulasie (2) (nl. dié wat van toepassing is) plus 'n bedrag gelyk aan R5,80 per eenheid sink per 1 000 kg.

2. Die verhoging waarvoor in die voorbehoudsbepaling van subregulasie (5) van regulasie 1 voorsiening gemaak word, mag nie bygevoeg word nie tensy die verkoper aan die volgende voorwaardes voldoen:

(i) "Kontant met bestelling"-verkope mag nie ten gunste van kredietverkope van die hand gewys word nie; en

(ii) wanneer die koper krediet verlang en dit aan hom toegestaan word, mag die verkoper geen voorwaarde stel dat betaling vir 'n maksimum tydperk uitgestel moet word nie, en hy mag ook nie die koper se reg beperk om te eniger tyd voor die verstryking van die ooreengekome krediettydperk te betaal en die voordeel van die betrokke korting te kry nie.

3. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken "kontant met bestelling" ook kontant wat voor versending betaal of aangebied is.

4. 'n Breuk van 1c in 'n maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word vir die verkoop op 'n bepaalde tyd van kunsmis of kunsmismengsels kan as 1c beskou word ongeag of dit die prys van 'n enkele eenheid is of die totale prys van meer as een eenheid wat bereken is volgens dié prys wat op enige getal sodanige eenhede van toepassing is.

5. Waar kunsmis of kunsmismengsels per spoor gestuur word aan of aan die order van die koper, is die maksimum pryse wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word, vry op spoor Bellville, Durban of Vereeniging, na gelang van die stasie wat die naaste aan die koper is.

6. Waar kunsmis of kunsmismengsels per pad vanuit 'n kunsmisfabriek gelewer of by 'n kunsmisfabriek afgehaal word, is die maksimum pryse wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word, vry op voertuig by die kunsmisfabriek se laaifasiliteite vir padvervoer.

7. Hierdie regulasies is in die Republiek van toepassing.

8. Die volgende Goewermentskennisgewing betreffende die maksimum pryse van kunsmis word hierby herroep:

No. R. 2605 van 29 Desember 1978.

E. G. DE BEER, Pryscontroleur.

FIRST SCHEDULE

Type of fertilizer	Plantfood content	Form	Maximum price per 1 000 kg in bags
	%		R
Nitrogen:			
Ammonium sulphate.....	21,0	Crystals	129,50
Limestone ammonium nitrate.....	28,0	Granulated	177,85
Urea.....	46,0	Granulated	273,00
Urea (maximum biuret content 0,36 per cent).....	46,0	Granulated	295,40
Phosphatic:	(a) (b)		
Superphosphate.....	8,3 —	Powder	85,05
Superphosphate.....	8,3 —	Granulated	87,25
Superphosphate.....	11,3 —	Powder	110,10
Superphosphate.....	11,3 —	Granulated	112,30
Double superphosphate.....	19,0 —	Powder	198,25
Double superphosphate.....	19,0 —	Granulated	200,45
Double superphosphate.....	19,6 —	Powder	204,60
Double superphosphate.....	19,6 —	Granulated	206,80
Basic superphosphate.....	1,3 7,5	Granulated	83,60
Potassic:			
Potassium chloride.....	50,0	Crystals	155,20
Potassium sulphate.....	40,0	Powder	215,30
Potash magnesita.....	21,5	Powder	168,55

(a) Water soluble (P);

(b) Citric acid soluble (P).

SECOND SCHEDULE

Type of fertilizer	Plantfood content	Form	Maximum price per 1 000 kg in bags
	%		R
Ammoniated superphosphate.....	N: 3,79; P: 12,21	Granulated	143,20
Ammoniated double superphosphate.....	N: 5,7; P: 18,3	Granulated	228,05

EERSTE BYLAE

Soort kunsmis	Plantvoedselinhoud	Vorm	Maksimum prys per 1 000 kg in sakke
	%		R
Stikstof:			
Ammoniumsulfaat.....	21,0	Kristalle	129,50
Kalksteenammoniumnitraat.....	28,0	Korrels	177,85
Ureum.....	46,0	Korrels	273,00
Ureum (karbamielinhoud van hoogstens 0,36 persent).....	46,0	Korrels	295,40
Fosfaat:	(a) (b)		
Superfosfaat.....	8,3 —	Poeier	85,05
Superfosfaat.....	8,3 —	Korrels	87,25
Superfosfaat.....	11,3 —	Poeier	110,10
Superfosfaat.....	11,3 —	Korrels	112,30
Dubbelsuperfosfaat.....	19,0 —	Poeier	198,25
Dubbelsuperfosfaat.....	19,0 —	Korrels	200,45
Dubbelsuperfosfaat.....	19,6 —	Poeier	204,60
Dubbelsuperfosfaat.....	19,6 —	Korrels	206,80
Basiese superfosfaat.....	1,3 7,5	Korrels	83,60
Kalium (potas):			
Kaliumchloried.....	50,0	Kristalle	155,20
Kaliumsulfaat.....	40,0	Poeier	215,30
Potasmagnesia.....	21,5	Poeier	168,55

(a) Wateroplosbaar (P);

(b) Sitroensuuroplosbaar (P).

TWEDE BYLAE

Soort kunsmis	Plantvoedselinhoud	Vorm	Maksimum prys per 1 000 kg in sakke
	%		R
Geammonifiseerde superfosfaat.....	N: 3,79; P: 12,21	Korrels	143,20
Geammonifiseerde dubbelsuperfosfaat.....	N: 5,7; P: 18,3	Korrels	228,05

THIRD SCHEDULE

Fertilizer mixture (granulated)	Plant food content	Maximum price per 1 000 kg in bags
	%	R
1:0:1	37	183,00
1:0:1	47	224,90
1:0:1 (Potash in nitrate form)	47	293,75
2:2:1	30	227,20
2:2:1	40	297,35
2:3:0	15	133,45
2:3:0	21	190,20
2:3:0	26	237,40
2:3:0	35	313,75
2:3:2 (0,50 organic N)	14	136,00
2:3:2 (0,50 organic N)	18	175,90
2:3:2	22	162,60
2:3:2 (0,50 organic N)	22	209,15
2:3:2	27	201,45
2:3:2 (Potash in nitrate form)	27	225,35
2:3:2	30	224,70
2:3:2	38	280,15
2:3:4 (Potash in sulphate form)	21	156,95
2:3:4 (0,50 organic N)	24	200,05
2:3:4 (0,50 organic N, potash in sulphate form)	24	224,70
2:3:4	27	176,30
2:3:4 (Potash in nitrate form)	27	213,40
2:3:4 (Potash in sulphate form)	27	204,20
2:3:4	30	196,80
2:3:4 (Potash in sulphate form)	36	270,35
2:3:4	40	259,50
3:1:5 (0,50 organic N)	26	188,85
3:1:5 (Potash in sulphate form)	26	166,00
3:1:5 (0,50 organic N, potash in sulphate form)	26	223,10
3:1:5 (Potash in nitrate form)	31	211,40
3:1:5	38	195,70
3:1:5 (Potash in nitrate form)	38	257,90
3:2:0	25	201,85
3:2:0	30	242,60
3:2:0	37	295,30
3:2:1 (0,50 organic N)	22	223,35
3:2:1	25	181,65
3:2:1	32	233,75
3:2:1	37	267,65
3:2:1	40	288,00
4:1:0	24	167,50
4:1:0	30	212,45
4:1:0	33	233,55
4:1:0	42	292,70
4:1:1	26	166,55
4:1:1	30	193,45
4:1:1	33	213,70
5:1:5	34	180,95
5:1:5	38	202,25
5:1:5	42	223,55
5:1:5	45	239,50

DERDE BYLAE

Kunsmismengsels (korrels)	Plant-voedsel inhoud	Maksimum prys per 1 000 kg in sakke
	%	R
1:0:1	37	183,00
1:0:1	47	224,90
1:0:1 (Kalium in nitraatvorm)	47	293,75
2:2:1	30	227,20
2:2:1	40	297,35
2:3:0	15	133,45
2:3:0	21	190,20
2:3:0	26	237,40
2:3:0	35	313,75
2:3:2 (0,50 organies N)	14	136,00
2:3:2 (0,50 organies N)	18	175,90
2:3:2	22	162,60
2:3:2 (0,50 organies N)	22	209,15
2:3:2	27	201,45
2:3:2 (Kalium in nitraatvorm)	27	225,35
2:3:2	30	224,70
2:3:2	38	280,15
2:3:4 (Kalium in sulfaatvorm)	21	156,95
2:3:4 (0,50 organies N)	24	200,05
2:3:4 (0,50 organies N, kalium in sulfaatvorm)	24	224,70
2:3:4	27	176,30
2:3:4 (Kalium in nitraatvorm)	27	213,40
2:3:4 (Kalium in sulfaatvorm)	27	204,20
2:3:4	30	196,80
2:3:4 (Kalium in sulfaatvorm)	36	270,35
2:3:4	40	259,50
3:1:5 (0,50 organies N)	26	188,85
3:1:5 (Kalium in sulfaatvorm)	26	166,00
3:1:5 (0,50 organies N, kalium in sulfaatvorm)	26	223,10
3:1:5 (Kalium in nitraatvorm)	31	211,40
3:1:5	38	195,70
3:1:5 (Kalium in nitraatvorm)	38	257,90
3:2:0	25	201,85
3:2:0	30	242,60
3:2:0	37	295,30
3:2:1 (0,50 organies N)	22	223,35
3:2:1	25	181,65
3:2:1	32	233,75
3:2:1	37	267,65
3:2:1	40	288,00
4:1:0	24	167,50
4:1:0	30	212,45
4:1:0	33	233,55
4:1:0	42	292,70
4:1:1	26	166,55
4:1:1	30	193,45
4:1:1	33	213,70
5:1:5	34	180,95
5:1:5	38	202,25
5:1:5	42	223,55
5:1:5	45	239,50

Provided that the prices of fertilizer mixtures specified in the Third Schedule must be decreased by R2,20 per 1 000 kg, if supplied in powder form.

Met dien verstande dat die pryse van kunsmengsels in die Derde Bylae aangegee met R2,20 per 1 000 kg verminder moet word indien dit in poeivorm verskaf word.

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

BOTHALIA

Bothalia is a medium for the publication of botanical papers dealing with the flora and vegetation of Southern Africa. One or two parts of the journal are published annually.

The following parts are available:

Vol. 3 Part 1 out of print 2 1937 75c 3 1938 75c 4 1939 75c	Vol. 8 Part 1 1962 R3 2 1964 R3 3 1965 R3 4 1965 R3
Vol. 4 Part 1 1941 75c 2 1942 75c 3 1948 75c 4 1948 75c	Supplement Vol. 9 Part 1 1966 R3 2 1967 R3 3 and 4 1969 R6
Vol. 5 1950 R3	
Vol. 6 Part 1 1951 R1,50 2 1954 R2,50 3 1956 R2 4 1957 R2	Vol. 10 Part 1 1969 R3 2 1971 R3 3 1971 R3 4 1972 R3
Vol. 7 Part 1 1958 R2 2 1960 R3 3 1961 R3 4 1962 R3	Vol. 11 Part 1 and 2 1973 R6 3 1974 R3 4 1975 R3
Vol. 12 Part 1 1976 R5 2 1977 R5 3 1978 R7,50	

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany all inland orders.

BOTHALIA

Bothalia is 'n medium vir die publikasie van plantkundige artikels oor die flora en plantegroei van Suidelike Afrika. Een of twee dele van die tydskrif word jaarliks gepubliseer.

Die volgende dele is beskikbaar:

Vol. 3 Deel 1 uit druk 2 1937 75c 3 1938 75c 4 1939 75c	Vol. 8 Deel 1 1962 R3 2 1964 R3 3 1965 R3 4 1965 R3
Vol. 4 Deel 1 1941 75c 2 1942 75c 3 1948 75c 4 1948 75c	Supplement Vol. 9 Deel 1 1966 R3 2 1967 R3 3 en 4 1969 R6
Vol. 5 1950 R3	
Vol. 6 Deel 1 1951 R1,50 2 1954 R2,50 3 1956 R2 4 1957 R2	Vol. 10 Deel 1 1969 R3 2 1971 R3 3 1971 R3 4 1972 R3
Vol. 7 Deel 1 1958 R2 2 1960 R3 3 1961 R3 4 1962 R3	Vol. 11 Deel 1 en 2 1973 R6 3 1974 R3 4 1975 R3
Vol. 12 Deel 1 1976 R5 2 1977 R5 3 1978 R7,50	

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by alle binnelandse bestellings ingesluit word.

AGROCHEMOPHYSICA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958-1968 and deals with Biochemistry, Biometry, Soil Science, Agricultural Engineering, Agricultural Meteorology and Analysis Techniques. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany inland orders.

AGROCHEMOPHYSICA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958-1968 en bevat artikels oor Biochemie, Biometrika, Grondkunde, Landbou-ingenieurswese, Landbouweerkunde en Ontledingstegnieke. Vier dele van die tydskrif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry (Buitelands R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	Commerce and Consumer Affairs, Department of Government Notice		
R. 2886	Price Control Act (25/1964): Maximum prices of fertilizer.....	1	6798

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
	Handel en Verbruikersake, Departement van Goewermentskennisgewing		
R. 2886	Wet op Prysbeheer (25/1964): Maksimum pryse van kunsmis.....	1	6798

